

Die Christelike Vrou

Lééf die liefde



Amptelike mondstuk van die NHSV



Maart 2021

Bid vir hulle

'n Joernalis uit Afrika se [artikel](#) oor Internasionale Vrouedag wat op 8 Maart gevier word, vra die vraag hoekom ons Internasionale Vrouedag "vier" want daar is eintlik niks om te vier nie. As 'n mens mooi gaan dink oor wat sy sê en ook kyk na Geopende Deure se verslag, [Gender-specific Religious Persecution Report \(GSRP\)](#), is dit feite wat jou soos 'n emmer koue water tref en stof tot ernstige nadenke bied.

Daarom was die oproep van Geopende Deure op Internasionale Vrouedag hierdie jaar: GEBEDSNOOD: Bid vir ons susters in Christus.

In baie lande oral in die wêreld word hierdie dag daaraan gewy om vroue se prestasies op sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke terreine te vier. Dit vestig ook die aandag op geslagsongelykhede en vroueregte.

Internasionale Vrouedag is ook 'n geleentheid om die uitdagings en nood van Christenvroue uit te lig sodat elke vrou wat vervolgd word oor haar geloof en geslag, gesien en waardeer kan word, en sodat sy haar Godgegewe potensiaal kan uitleef. Daarom gee Geopende Deure sedert 2018 jaarliks hul [Geslagspesifieke Geloofsvervolgingsverslag \(GSRP\)](#) op hierdie dag uit.

Hoekom is dit nodig en belangrik om die vervolging van vroue uit te sonder?

Vervolging van Christenmense is wel brutaal, maar dit vind in die openbaar plaas en verset daarteen is dus makliker. Vervolging teen vroue is egter meer kompleks en verborge.

'n Kundige van Geopende Deure in die Midde-Ooste sê: *Die GSRP onthul die dinamika wat daartoe lei dat Christenmense en -vroue vervolgd word. Dit stel diegene wat in hierdie veld werk in staat om ons begrip van vervolging te herdefinieer, om nuwe betekenis aan konsepte soos die kerk se kwesbaarheid en veerkragtigheid te midde van vervolging te gee. Dit help ons om ons visie te verskerp vir die dinamika van vervolging, wat slinks verberg word deurdat dit met die norme van 'n samelewingskonteks saamsmelt. Dit help ons ook om openlik te praat oor geregtigheid op hierdie gebied en om die aandag te vestig op skade wat tevore ongesiens verbygegaan het.*

Bid asseblief saam vir die volgende:

- Bid vir krag vir en beskerming van ons susters in Christus wat dubbel so kwesbaar is as gevolg van hul geslag en geloof.
- Bid vir die genesing van vroue wat trauma beleef het as gevolg van gewelddadige optrede soos ontvoering, seksuele aanranding, gedwonge huwelike, ensovoorts. Die lys gaan aan en aan...
- Bid dat God dinge soos hierdie verslae sal gebruik om mense bewus te maak van die stryd van Christenvroue.

Hannelie



A close-up photograph of a woman's face, focusing on her eyes and the area where she is shaving. She has light-colored eyes and is looking slightly to the left. Her hair is being shaved with a safety razor, and a thick layer of white shaving foam is applied to her skin. The razor is positioned horizontally across the lower part of her face. The background is a solid light blue color.

LYFTAAL

Party van ons
hoor met ons oë

Ek klim in die kar na werk en ruk die masker van my gesig af soos die dokter in die fliek na die moeilike operasie. Dankie tog, ek kan weer asemhaal!

Ek onthou hoe ek altyd gekyk het na die operasietoneel en gewonder het hóé al die blougeklede, gehoede en witgemaskerde personeel in 'n teater weet wie van hulle is wie. Ek het gewonder hoe dit in 'n teater moet wees met 'n masker wat jou na 'n paar uur vir seker benoud moet laat voel.

Min het ons geweet toe die eerste beelde na die uitbreek van die koronavirus ons begin bereik het van ver uit Asië, dat ons ook soos die Chinese gemasker in die openbaar gaan verskyn.

Dis nie baie lekker om heeldag 'n masker te dra nie; dis ongemaklik en warm, maar ons doen dit om onself en die mense rondom ons te beskerm. Nie lank nie, of ons is dit al so gewoon dat ons dit outomaties saam met die motorsleutels gryp. Dis tog nie so erg nie.

En na 'n jaar van masker dra, ruk 'n WhatsApp-boodskap (oor hierdie artikel) my tot stilstand.

Ek het nog nooit daaraan gedink hoe 'n gehoorgestremde persoon oor die weg moet kom in 'n gemaskerde wêreld nie. In my perfekte wêreld kla ek oor benoudheid, ongemak en irritasie, maar ek kan ten minste hoor wat ander vir my sê. Ek dink nie daaraan dat die masker klank demp nie. Ek probeer om myself in 'n gehoorgestremde se skoene te plaas. Maar sal ons ooit verstaan?

Gehoorgestremdheid is die tweede grootste gestremdheid in die wêreld. En dit is nie 'n sigbare gestremdheid nie, wat maak dat ons geneig is om daarvan te vergeet tot ons met gehoorgestremdheid te doen kry.

Kommunikasie is eie aan menswees. Ons almal het 'n behoefte daaraan. Kommunikasie is uiters belangrik vir ons daaglikse bestaan en op sigself moeilik vir gehoorgestremdes. Maar ons dink nie aldag daaraan hoe gekompliseerd kommunikasie kan wees nie. Dis nie net wát jy sê nie, dis ook hóé jy dit sê, jou gesigsuitdrukking, emosies, handgebare, jou lyftaal en die konteks van die gesprek. Jou brein neem al hierdie inligting gelyk in en proses dit blitsvinnig.

Die oomblik wanneer een van hierdie kommunikasiemiddele afwesig is, is daar 'n hindernis vir verstaan. 'n Eenvoudige voorbeeld is wanneer jy iemand terg in 'n ernstige stem terwyl jy agter sy rug vir 'n ander persoon knipoog.

Ons maskers is 'n groot hindernis vir kommunikasie. Dink maar hoe jy deur die perspektief en 'n masker moet probeer hoor en verstaan wat die kassier vir jou probeer sê. As jy boonop gehoorgestremd is, gaan jy nóg meer sukkel om met die kassier te kommunikeer.

Liplees, gesigsuitdrukkings en emosies gaan verlore. Maskers verskaf net nóg 'n hindernis vir 'n gehoorgestremde, wat amper net op handgebare en lyftaal kan staatmaak om te verstaan wat 'n gemaskerde probeer kommunikeer. In ons alledaagse gesprekke kan lyftaal nie 'n alternatief wees vir verbale kommunikasie nie. Dit is 'n hulpmiddel.

Nog 'n rede waarom maskers 'n negatiewe impak het op gehoorgestremde mense, is die feit dat kommunikasie vir ons so nodig is soos asemhaling. Gehoorgestremdheid gaan gepaard met sosiale isolasie. Maskers laat gehoorgestremdes nog meer geïsoleerd voel as wat hulle reeds is. Dit veroorsaak spanning, wat op sy beurt weer die persoon se swak gehoor



negatief beïnvloed.

Ons kan en wil nie net die maskers weggooi nie, omdat dit ons gesondheid beskerm. Die meeste oudioloë dra 'n plastiese gesigskerm in plaas van 'n masker by die werk, omdat hul pasiënte/kliënte hulle andersins nie kan hoor of verstaan nie.


Ahmed Khalifa het gehoorverlies, en hy het op YouTube gesê sy persoonlike perspektief is dat hy graag maskers dra, maar hy wil dit beter laat werk vir gehoorgestremdes. Daar is maskers met 'n plastiek-"venstertjie" in die middel wat jou mond wys. Dit maak liplees moontlik, maar wys daarby ook emosie en gesigsuitdrukings.

Ahmed het met sy YouTube-video's begin om mense bewus te maak van doofheid. Hy sê gehoorgestremdes hou nie van Spiderman nie. Hulle kan hom nie hoor nie! *Superhero*-maskers is 'n stremming vir kommunikasie.

Ons verstaan nie die wêreld van 'n gehoorgestremde nie, maar ons moet probeer. En ons moet probeer om kommunikasie te verbeter in plaas daarvan om dit te rem. As jy gereeld te doen kry met 'n gehoorgestremde, koop 'n masker met 'n plastiekvenstertjie of 'n gesigskerm. Deesdae sien 'n mens sulke ronde plastiekmaskers wat jou baie kief laat lyk, soos iemand wat by NASA behoort te werk.

Jy sal ook deur nie-verbale kommunikasie agterkom wanneer die gehoorgestremde jou nie verstaan nie, en probeer dan weer. Vra of die gehoorgestremde hoor wat jy sê.

Ahmed sê in sy een video dis goed om vir 'n gehoorgestremde vrae te vra oor doofheid. Maar dink tog voor jy iets vra. Nie soos die man wat vir hom gevra het of dowe mense braille kan lees nie...



Iemand het 'n lappop...



Iemand het 'n lappop...

Anna Labuschagne

Toe ek begin voorberei vir my aftrede in Maart 2019 na 35 jaar diens, het ek besluit op 'n projek om my hande besig te hou in die oorgangstydperk. Na 20 jaar in 'n koshuis vir gesiggestremde kinders, was die feit dat hulle in hul afhanklikheid nie in hul ouerhuis kon wees nie, die grootste leemte wat ek nie kon vul nie.

Eureka! Ek sou begin by die heel jongstes en vir hulle lappoppe met sagte lyfies maak. Vriendinne en skoonsus het patrone gestuur, maar die eerste pogings het nie snoesig in my arms gelê nie. Die klere vir pasgebore babas het ook nie gepas nie. Daarom het ek maar die lyfie aangepas na behoefte. Eerste keuse was roomkleurige poppe, maar ek het besef dat hulle vuil kan smeer. Toe is die speelveld oop en ek kon grys, donkerbruin, ligtepers, geel en toffiekleurige poppe maak.

En die hare! Ek kon soveel kleure en lengtes wolpruieke maak as wat my hart begeer. Toe waag ek my hand aan kunshare wat string vir string met 'n hekelpen deurgetrek moes word. Ek was verder in my element toe ek kunshare ontdek wat ek kon krul soos ek wil.

My grootste stuikelblok was die verf van die gesiggies. Ek was afhanklik van gewillige kunstenaars. Nina het die eerste agt fraaiste gesiggies geverf, maar studente se tyd is maar beperk. In hul besige programme het Benita agt, Ragie 14 en Denize ses gesiggies geverf so deur en na isolasie. Uit desperaatheid het ek die res geverf, wat 'n uitdaging vir my was.

Hierdie poppe moes ook klere kry sodat klein handjies al die nodige koördinasie en spiere kan oefen. Isolاسie was 'n groot struikelblok. Ek het oral materiaal gebedel, selfs vriendinne wat in die afgesonderde tyd gordyne vervang het, kon my uithelp. Toe die winkels katoenmateriaal vir maskers mag verkoop, was ek eerste by die deure, natuurlik om "maskers" te maak. Hierdie babas het elkeen 'n uitrusting van 'n dagrokkie, onderklere en skoene. Daarby kom gekoopte nagklere met doek en al. Natuurlik is daar gehekelde baadjies en kousies ook.

Die eerste 17 poppe het ek na die skool geneem sodat hulle dit vir die kinders kon gee nadat hulle na so 'n lang afwesigheid weer skool toe moes kom. Die ander poppe is vir twee koshuise waar hulle in hul speelkamer bly tot almal se beskikking, en vir ander instansies in ons omgewing.

Nou is ek gereed vir aftree... dink ek.

Hierdie artikel het voorheen ook in Die Wingerdstok – Worcester se gemeentebled – verskyn.



Klik op die foto hieronder en kyk na ds Janine se aanbieding.

VIRTUELE DAMESBYEENKOMS SAAM MET JANINE BEVOLO-MANDERS



Tema: Geluk is my default

AANGEBIED DEUR MONTANA GEMEENTE

Medewerkers aan hierdie uitgawe:

Ds Hannelie Botha (redakteur), mevr Elize Jones, Anna Labuschagne, ds Janine Bevollo-Manders

Taalversorging: Tessa Oppermann

Foto's vanaf www.Pixabay.com tensy anders vermeld. Ander grafika van www.flaticon.com

Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za



www.nhsv.org.za



Posbus 111, Worcester 6849



diechristelikevrou@gmail.com



[diechristelike](https://www.instagram.com/diechristelike)



[Christelike Vrou](https://www.youtube.com/ChristelikeVrou)



082 923 9439

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van *Die Christelike Vrou* se redaksie of die NHSV nie.